

## 21 April - GELD

**Skrifgedeelte: Lukas 16:1-13**

**Fokusgedeelte: Lukas 16:9**

In hierdie interessante en ingewikkelde Skrifgedeelte leer die Here Jesus ons hoe ons geld moet sien en gebruik. Hy maak dit duidelik dat geld nie vir ons belangrik moet wees nie, deur dit met drie uitdrukkings te devalueer.

- In die eerste plek is dit van al die gawes wat God vir mense gee, “die minste”. Gawes soos die Heilige Gees en die vergewing van sondes en die liefde is tog van baie groter belang.
- Geld is ook “die onregverdige Mammon”. Geld word so dikwels hier op aarde oneerlik verkry. Dit speel ’n sentrale rol in meeste misdade wat gepleeg word. En dit word só baie keer vir slegte doeleindes aangewend dat dit die bynaam “onregverdige Mammon” verdien.
- Geld is ook nie regtig ons s’n nie – al is dit in ons sakke. Dit is ’n ander s’n. Die aarde en alles daarop, en dus alle geld en goed, behoort mos aan die Here. Ons kry maar net elkeen ’n sekere kwota van Hom af, wat ons volgens sy opdragte moet gebruik.

Een manier waarop ons dit in opdrag van die Here moet spandeer, is om daarmee goed te doen aan ons medemense en so hulle vriendskap te wen.

Ons moet veral ons medegelowiges daarmee dien. Hulle sal ons vrygewige hulp aan hulle tot in die hiernamaals onthou!

Dis net ware kinders van God wat geld so sal kan sien en hanteer. Hierdie ongewone siening van geld – dat dit nie my baas moet wees nie, maar my dienaar in my gehoorsaamheid aan God en in my liefdesdiens aan medemense – is net by ware kinders van God moontlik. Dis net hulle wat weet dat God, wat ook ons behoeftes aan geld en goed ken, om Christus ontwil altyd vir ons genoeg sal gee.

*Sing: Skrifberyming 17-1:1, 2*

*Ds SD Snyman (Pretoria-Magalieskruin)*